

**14 September**

**Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-17**

**Fokusgedeelte: Jakobus 4:15**

**God bepaal vandag en môre!**

In Jakobus 4 waarsku Jakobus teen selfsug, jaloesie, rusie en bakleiery, verkeerde gebedsgesindheid en hoogmoed. Want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade" (Jak 4:6).

Die regte gesindheid in vers 15 staan direk teenoor die selfvoldane gepraat in vers 13. Die pratere se kennis oor die dag van môre, skiet tekort (vs 14)! Ons is só dikwels geneig om ons beplanning sonder God te doen. Maar die uitvoering van al ons voornemens en beplanning is geheel en al afhanklik van die wil van God. Daarom leer Jakobus die groot sakemanne om eerder te vra na God se wil. Hulle gesindheid moet eerder 'n gesindheid van afhanklikheid van God wees. Sê eerder "... As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen."

Die Latynse afkorting DV (Deo Volente = as die Here wil) het by Christene al 'n cliché geword: DV dit en DV dat. Amper asof ons plig pleeg en nie dink oor wat ons sê nie. Maar in die Nuwe Testament kry ons die term verskeie male in verskillende vorme, wat vir ons sê dat hulle hul totale afhanklikheid van God besef het. Lees gerus Handeling 18:21; Romeine 1:10; 1 Korintiërs 4:19; Filippense 2:19, 24; Hebreërs 6:3.

As gelowiges moet ons God se wil van Hom afbid en in afhanklikheid afwag. Bid dat Hy ons deur sy Woord en Heilige Gees sal lei en dat Hy ons die krag sal gee om op Hom te bly vertrou. Ons hoef nie paniekerig te raak oor die dag van môre nie, want God is in beheer. Spreuke 16:9: "'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop."

*Sing: Psalm 104:1, 8, 14 (2001)*

*Ds OA Oosthuizen (Cullinan)*